Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JUNIE 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

KOM ONS DOEN ALMAL ONS DEEL OM 'N EINDE TE MAAK AAN DIE PANDEMIE

DRA 'N MASKER: DIS VERPLIGTEND!

Kragtens die jongste regulasies wat ingevolge die Rampbestuurswet uitgevaardig is, moet almal 'n gesigmasker dra wat die neus en mond bedek wanneer hulle in openbare plekke is. Dieselfde regulasies bepaal dat niemand toegelaat sal word om enige vorm van openbare vervoer te gebruik of 'n gebou, plek of perseel – ***winkels ingesluit*** – te betree tensy hulle 'n gesigmasker dra nie.

BEOEFEN DIE VYF REËLS VAN GOEIE HIGIËNE

1. Was jou hande gereeld met seep en water vir ten minste 20 sekondes.
2. Moenie met ongewaste hande aan jou gesig vat nie.
3. Hoes of nies in 'n snesie of jou elmboog. Raak op 'n veilige wyse van die snesie ontslae.
4. Handhaaf 'n afstand van 1,5 meter tussen jou en ander mense.
5. Bly tuis as jy olik voel. As jy siek is, stuur 'n WhatsApp na 0600 123 456 of bel die provinsiale blitslyn by 021 928 4102.

HANDHAAF SOSIALE AFSTANDE

Vermy kontak met ander mense sover as moontlik, en verlaat slegs jou huis wanneer dit absoluut noodsaaklik is.

Onthou dat ingevolge Vlak 4-beperkings, sosiale byeenkomste steeds verbode is met die uitsondering van begrafnisse. In die geval van laasgenoemde moet streng reëls nagekom word, en sulke geleenthede sal onderworpe wees aan toesighouding deur plaaslike wetstoepassingsagentskappe.

In gevalle waar mense ingevolge die nuwe regulasies toegelaat word om terug te keer werk toe, word daar van beide werkgewers en werknemers verwag om te verseker dat 'n veilige afstand gehandhaaf word en dat die nodige voorsorgmaatreëls teen besmetting ten alle tye getref word.

EENMALIGE KANS OM NA ANDER HUIS OF KANTOOR TE TREK

Ingevolge artikel 27(2) van die Rampbestuurwet, 2002, het die minister van samewerkende regering en tradisionele sake, dr. Nkosazana Dlamini Zuma, 'n stel gewysigde direktiewe in die Staatskoerant gepubliseer om die eenmalige verskuiwing van mense en vervoer van goedere vir die doel van verhuising toe te laat.

Volgens hierdie direktiewe sal individue en ondernemings wat nuwe huurooreenkomste vóór of tydens die grendeltydperk aangegaan het of kopers wie se eiendomme vóór die grendeltydperk of sedert 1 Mei 2020 oorgedra is, toegelaat word om oor provinsiale, stedelike of distrikgrense te verhuis.

Verhuising oor internasionale grense word egter nie toegelaat nie.

Om hierdie eenmalige geleentheid te benut, moet diegene met afdoende gronde om te verhuis of om van sakepersele te verwissel ten eerste die nodige permit van die stasiebevelvoerder by hul naaste polisiekantoor bekom.

Ten tweede sal daar ten alle tye van enigeen wat verhuis verwag word om te verseker dat die COVID-19-regulasies en die tersaaklike direktiewe soos uitgevaardig deur die minister van vervoer nagekom word.

'n Volledige weergawe van die tersaaklike uitgevaardigde direktiewe en die toepaslike regulasies kan via die volgende skakel besigtig word: https://bit.ly/3ceioip.

KAPITAALPROJEKTE HERVAT HIER EN DAAR

Ná die aankondiging teen die begin van Mei dat beperkings ingevolge die nasionale COVID-19-rampbestuurplan van vlak 5 na vlak 4 verslap gaan word, het die Raad dadelik begin bepaal watter van sy kapitaalprojekte veilig hervat kan word.

Met die voorwaarde dat alle kontrakteurs verseker dat hul werkers getoets word vir en teen die verspreiding van die COVID-19-virus beskerm word, is daar ooreengekom dat, benewens behuisingsprojekte, die volgende projekte onverwyld kan hervat:

- Opgradering en opknapping: ■ Ondergrondse waterbronne by Gateway ■ Voorafbehandeling by Preekstoel se afvalwateraanleg ■ Behandeling van afvalwater en stabilisering van water in Stanford ■ Inlaatinfrastruktuur by De Bos-dam ■ riolering in Kidbrooke ■ grootmaat-waterpyplyne
- Uitbreiding en vervanging: ■ Gateway-aanjapomp ■ rioolnetwerk in Kleinmond en Gansbaai se SSB (Sentrale Sakekern)
- Bouwerke: ■ Palmietrivier-aanjapompstasie ■ nuwe reservoirs vir Pringlebaai en Masakhane ■ afvalbestuurfasiliteit in Hermanus ■ Hawston-sportkompleks en -kern ■ sloping van uitbedryfgestelde afvalterrein in Hawston
- Stormwater: ■ Hoofweg en High-straat sowel as industriële gebied, Hermanus
- Pad- en verwante werke: ■ kruising tussen R43 en George Viljoen-straat, Hawston ■ sypaadjies

Meer inligting oor hierdie projekte kan bekom word deur Overstrand se konsep- hersiene geïntegreerde ontwikkelingsplan vir 2020-2021 via die munisipaliteit se webwerf www.overstrand.gov.za af te laai.

SIFTING (SCREENING) IN OVERSTRAND

Deur-tot-deur-sifting in die Hangklip-Kleinmond-, Hermanus-, Stanford- en Gansbaai-area deur opgeleide veldwerkers vir mense wat moontlik COVID-19 opgedoen het, sal vir die afsienbare toekoms voortgesit word.

Hierdie veldwerkers, wat geïdentifiseer kan word aan die hand van hul kenmerkende kleredrag en die ID's wat hulle deurentyd moet vertoon, sal bloot vra dat mense 'n paar eenvoudige vrae beantwoord (soos of hulle 'n seer keel of koors het of hoes) met die oog daarop om mense met moontlike simptome op te spoor.

Gegrond op die antwoorde wat op hierdie vrae verskaf word, sal ***slegs*** daardie gevalle waar verdere toetsing verlang word na die toetssentrum naaste aan hulle verwys word. Daardie sentrum kan óf 'n kliniek óf 'n mobiele eenheid wees wat in jou area staangemaak is. By die toetssentrum sal 'n depper gebruik word om 'n smeer van jou neus en keel te neem. Alhoewel toetsresultate nie onmiddellik beskikbaar sal wees nie, sal alle pasiënte opgevolg en oor hul status ingelig word.

Aangesien sifting en toetsing allerbelangrik in die stryd teen die COVID-19-pandemie is, doen ons 'n beroep op inwoners om asseblief toe te laat dat veldwerkers hulle sif.

ONWETTIGE STORTING

Help ons om 'n einde aan hierdie onooglike duur gemors te maak.

Wat 'n vermorsing! Onwettige storting plaas onnodige las op kapasiteit en hou ernstige bedreiging vir openbare gesondheid in.

Een van die positiewe newe-effekte van die huidige inperking is dat mense nou tyd het om hul motorhuise op te ruim en hul huise reg te pak.

Alhoewel dit prysenswaardig is dat inwoners hierdie tyd gebruik om take soos dié te onderneem wat onder ander omstandighede as heeltemal té tydrowend beskou sou word, moet Munisipaliteit Overstrand waarsku dat onwettige storting steeds 'n strafbare oortreding is.

Ja, dit is wel waar: Sedert die aankondiging van die inperking middel-Maart is oorlaaistasies en grondopvulterreine vir die publiek gesluit.

Op hierdie tydstip word daardie fasiliteite beman deur en is slegs toeganklik tot 'n beperkte aantal werkers wat moedig ingestem het om aan te hou om 'n noodsaaklike diens te lewer, naamlik om algemene huishoudelike afval te verwerk.

As verantwoordelike en besorgde burgers kan ons dit geensins bekostig om hul beperkte kapasiteit te beproef deur uitgediende meubels en toebehore goedsmoeds voor die hek af te laai en dan van hulle te verwag om daarvan werk te maak nie.

En dan is daar op die koop toe daardie oortreders wat skynbaar onder die indruk verkeer dat dit geoorloof is om jou gemors op die eerste die beste sypaadjie of leë erf af te laai in plaas daarvan om dit tot tyd en wyl op jou eie perseel te berg.

Hierdie is 'n onooglike gewoonte wat nie net 'n bedreiging vir die omgewing inhou nie maar ook ons burgers se gesondheid in selfs groter gevaar stel.

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle inwoners om asseblief alle tipes rommel, uitgesonder normale huishoudelike afval, terug te hou tot tyd en wyl daar veilig daarmee weggedoen kan word.

Aangesien onwettige storting in 'n openbare plek of elders 'n strafbare oortreding is, rapporteer sulke gevalle asseblief onverwyld deur wetstoepassing by 028 313 8996 of die 24-uur-beheerkamer by 028 313 8111 te bel.

Wanneer onwettige storting gerapporteer word, verskaf asseblief soveel inligting as moontlik soos die fisiese adres, die kleur en fabrikaat van die betrokke voertuig en sy registrasienommer.

Nog beter, neem 'n foto – veral van die voertuig se registrasienommer – en stuur dit na enquiries@overstrand.gov.za tesame met details oor die datum, tyd en plek.

OPENBARE PLEKKE GROTENDEELS STEEDS AGTER SLOT EN GRENDEL

Alhoewel lede van die publiek nou toegelaat word om daagliks tussen 06:00 en 09:00 te draf, fiets te ry of te gaan stap, word hulle daaraan herinner dat alle strande steeds tot verdere kennisgewing gesluit bly.

Diegene wat binne 'n 5 km-radius vanaf die Fernkloof-, Kleinmond- en Rooi Els-natuurreservaat woon, is welkom om hierdie reservate vir hul daaglikse oefening te benut mits hulle die toepaslike reëls nakom. Let wel dat die Fernkloof-tuine steeds gesluit is.

Onthou ook dat fietsers en drawwers nie in groepe mag oefen nie en dat almal gesigmaskers moet dra en ten alle tye 'n sosiale afstand van ten minste 1,5 m moet handhaaf.

Bo-en-behalwe die openbare fasiliteite wat hierbo genoem is, sal die volgende plekke of persele wat in die reël vir die publiek toeganklik is vir godsdienstige, kulturele, sport-, vermaak-, ontspanning-, uitstalling-, organisatoriese of soortgelyke aktiwiteite steeds ingevolge Vlak 4-inbeperkings gesluit bly:

- Openbare parke, swembaddens, sportgronde;
- Vlooimarke;
- Kermisse en basaars;
- Nagklubs;
- Casino's;
- Tavernes en shebeens of soortgelyke plekke;
- Teaters en bioskope; en museums.

Behalwe tot die mate waartoe van hulle verwag word om oop te bly ter wille van toeriste wat steeds daar ingeperk is, sal die volgende ook tot verdere kennisgewing toe bly:

- Hotelle, vakansieverblyfplekke, bed-en-ontbytondernemings, air-B&Bs, tyddeelfasiliteite en -oorde, en gastehuise;
- Private en openbare wildreservate, en vakansie-oorde.

Let daarop dat mense wat sekuriteit- en instandhoudingsdienste verrig steeds hierdie dienste mag lewer by die plekke of persele soos hierbo gelys.

GRASIE VIR VERSTRYKTE LISENSIES

Aangesien alle verkeersafdelings en lisensiekantore gesluit was sedert die begin van die grendeltydperk sal bestuurderslisensies en lisensieskyfies wat gedurende hierdie tydperk verstryk het, geldig bly tot tyd en wyl hierdie fasiliteite heropen.

In hierdie verband het die nasionale minister van vervoer, Fikile Mbalula, aangedui dat lisensie- en toetssentrums waarskynlik een of ander tyd in Junie sal heropen.

Sodra die presiese datum aangekondig is, sal 'n bykomende grasietydperk van 30 dae vanaf amptelike heropening vergun word om lisensieskyfies en bestuurderslisensies wat verstryk het, te hernu.

In gevalle waar 'n toets vir 'n bestuurderslisensie of leerlinglisensie geskeduleer was om gedurende die grendeltydperk plaas te vind, sal daardie toetse geskeduleer word om by die eerste beskikbare toetsgeleentheid plaas te vind sodra toetssentrums heropen het. Die betrokke aansoekers sal oor die datums ingelig word sodra die inperking opgehef is.

Wanneer heropen sal streng veiligheidsmaatreëls en -protokolle by alle toets- en lisensiesentrums gehandhaaf word, wat beteken dat die dra van 'n masker en handhawing van sosiale afstande verpligtend is.

Verkeersdienste versoek ook vriendelik dat geen elektroniese betalings vir lisensiehernuwing of toetsing gemaak word tensy daar eers vasgestel is wat die presiese verskuldige bedrag is nie. Dit kan gedoen word deur jou naaste lisensiekantoor of toetssentrum te bel sodra die inperking opgehef is.